



## DIE STRANDLOPERS

Hierdie is die laaste verslag vir 2007. Mag al die lesers 'n baie betekenisvolle feesgety beleef.

### Politiek

- Die ontvouing en uitslag van die leierstryd in die plaaslike regerende party sal in die volgende weke die aandag van ontleders en die finansiële markte (plaaslik en internasionaal) verg. Die uitslag kan heelwat onsekerheid in die markte veroorsaak en dit in 2008 beïnvloed. Finansiële markte hou gewoonlik nie van onsekerhede nie.
- President Mugabe reis weer internasionaal, terwyl sy land rekord inflasie- en werkloosheidsyfers behaal. Indien daar wel 'n ooreenkoms tussen die politieke partye bereik word, moet nog gesien word of dit die ekonomiese probleme stilswyend sal oplos.
- Die krisis in Somalië, Darfoer, Tsjaad en dele van die DRK duur voort sonder enige tekens dat dit spoedig opgelos sal word.
- Die party van president Putin van Rusland het 'n oorweldigende oorwinning behaal en dui daarop dat mag dalk verder gesentraliseer sal word. Die reaksie van die finansiële markte was egter in die algemeen positief.
- President Hugo Chavez van Venezuela se voorneme om sy land nog meer sosialisties te maak, het onlangs 'n bloutjie by die stembus geloop (dankie tog!).

### Internasionaal

- Die probleme rondom die subprima huismark in die VSA beïnvloed steeds die internasionale finansiële terrein. Die Bush administrasie het wel met 'n finansiële plan vorendag gekom om die probleme gekoppel aan die huismark te beperk. Dit kan wel die probleme wat in die eerste kwartaal van 2008 verwag word wanneer nog meer subprima huislenings omgeskakel moet word na lenings met markverwante rentekoerse, versag. Hopelik sal hierdie plan voorkom dat die verskaffing van likiditeit aan die wêreldmarkte in 2008 verder verstram en die verdere styging van markrentekoerse beperk. (Amptelike VSA rentekoerse sal volgens aanduidings in elk geval in die eerste helfte van 2008 verder daal.)
- Tans word die verwagte 2008 groeikoerse van die ontwikkelde ekonomieë verder afwaarts aangepas weens die ernstige probleme wat menige finansiële instelling beleef en die gepaardgaande verstramming van likiditeit in die wêreldmarkte. Alhoewel daar steeds nie 'n resessie in die VSA verwag word nie, het die risiko daarvoor vergroot. Die verwagting is dat groei in die vierde kwartaal van 2007 aansienlik stadiger sal wees as die derde kwartaal s'n en groei van minder as 2% word in 2008 verwag. Groei word steeds gestimuleer deur uitvoere wat baat vind by die swakke dollar. In die VK word ook swakke groei verwag in 2008 weens veral probleme in die huismark en verbruikersvertroue wat verswak. In Euroland word groei van minder as 2% verwag veral weens hoër energiekostes en die sterker euro. Die Japanse ekonomie word benadeel deur swakke internasionale ekonomiese groei en die sterker jen. Daarteenoor toon die Chinese en Indiese ekonomieë steeds sterk groei, maar wat in 2008 ook deur die verwagte verlangsaming van die wêreld ekonomie benadeel sal word.



- Alhoewel inflasie in die VSA en die VK steeds redelik goed onder beheer is, is Euroland baie bekommerd oor hul inflasiekoers van 3%. Inflasie word aangewakker deur die hoër energie- en kospryse. Die Europese Sentrale Bank het egter in die afgelope week dit baie duidelik gestel dat tweede rondte inflasie – byvoorbeeld deur hoër salarisse en lone – nie toegelaat sal word nie. In Japan is inflasie steeds op lae vlakke, maar in China is die vlak van 6.5% ‘n bron van kommer.
- Die sentrale banke van die groot nywerheidslande is tans vasgevang in die probleem van verwagte swakker ekonomiese groei en stygende inflasiekoerse. Die vrees bestaan dat met laer rentekoerse wat in die VSA verwag word en in die VK die afgelope week aangekondig is, inflasie in die loop van 2008 kan versnel. Nogtans word laer rentekoerse in hierdie twee lande in die eerste helfte van 2008 verwag. In Euroland word verwag dat rentekoerse tot die middel van die jaar stabiel kan bly, maar dat ‘n verswakking van die ekonomie tot laer rentekoerse in die tweede helfte kan lei. In Japan word geen verandering in rentekoerse in minstens die eerste helfte van die jaar verwag nie. Chinese rentekoerse sal in 2008 verder styg.
- Langtermynrentekoerse het in al die groot nywerheidslande in die afgelope maand gedaal. Dit was weens die verwagte verswakking van die groeivoorsigte, asook die invloed van spekulatiewe en beleggingsfondse na veilige instrumente in ‘n periode van finansiële onsekerhede. Gegewe die verwagte verdere onrustigheid in die finansiële markte en swakker ekonomiese groei in die eerste helfte van 2008 word verwag dat hierdie rentekoerse sywaarts tot laer kan neig in hierdie periode.
- Algemene kommoditeite word steeds ondersteun deur die verwagte sterk vraag vanuit lande soos China en Indië. Daarteenoor is daar wel onsekerheid oor die omvang van die verswakking van VSA groei en die impak wat dit op die res van die wêreld ekonomie sal hê. Terselfdertyd is daar ook tekens dat die aanbod van sekere mynboukommoditeite toeneem weens groter produksie wat die gevolg is van die hoër pryse wat die afgelope aantal jare behaal is. Hierdie pryse word egter ook steeds ondersteun deur die invloed van beleggings- en spekulatiewe fondse.
- Die goudprys ry tans wipplank en weerspieël steeds die onsekerhede van die finansiële wêreld, die vrees dat inflasie hoër kan neig en enige verswakking van die dollar. Die algemene verwagting is dat die prys in 2008 hoër kan neig, maar ek is van mening dat dit steeds baie onstabiel sal wees.
- Die olieprys word ondersteun deur die lae vlakke van VSA voorrade, kwaai koue in die noordelike halfrond (nieteenstaande aardverwarming), die feit dat OPUL die afgelope week besluit het om nie hul produksie te vergroot nie en die invloed van spekulatiewe fondse. Daarteenoor verswak die prys omdat verwag word dat die vraag in veral die VSA sal daal weens die verlangings van ekonomiese groei. Die onsekerheid van die finansiële markte en die invloed van spekulatiewe geld ondersteun die olieprys tans dalk op onrealistiese vlakke. ‘n Afwaartse aanpassing van die prys bly dus ‘n groot risiko. In die langer termyn is die aanduiding egter dat die vraag na energie steeds hoog sal wees, terwyl die uitbreiding van die aanbod beperk sal wees. Duur energie bly dus steeds ons voorland.

## Plaaslik

- Private verbruik word geknel deur die stygende rentekoerse, die kredietwet en die stygende energie- en voedselpryse. Daarteenoor kom die openbare sektor se besteding van R500 miljard op dreef en neem die vraag na geskooldes steeds toe. Salarisse en lone en die gepaardgaande besteding sal dus steeds styg. ‘n Groeikoers van sowat 5% word vir 2007 en 2008 verwag.



- Die voortgesette sterk plaaslike besteding, die sterk rand en die gepaardgaande onvermoë van plaaslike ondernemings om mee te ding in die plaaslike en internasionale markte, lei tot rekord tekorte op die handels- en lopenderekeninge van die betalingsbalans. Hierdie tekorte word steeds deur die invloed van korttermyn buitelandse kapitaal gefinansier. Dit bring egter mee dat die diensterekening ook groter tekorte toon weens die uitvloeï van rente- en dividendbetalings. Gegewe die programme van die openbare sektor moet verwag word dat die tekorte op die betalingsbalans in minstens die volgende vyf jaar sal voortduur. Die risiko's van die betalingsbalans word al hoe groter – veral indien daar ook nog politieke onsekerhede na vore tree wat die invloed van korttermyn buitelandse kapitaal kan beperk.
- Die sentrale regering se begroting bly goed onder beheer, maar die toenemende aantal mense (meer as 12 miljoen) wat van welsynsdienste afhanklik raak en die gebrek aan stimulering van die produksiesektore van die ekonomie, bly 'n bekommernis. Provinsiale owerhede se finansies bly onder beheer. Plaaslike owerhede se finansies bly 'n baie groot bekommernis – selfs al dink sommige burgemeesters dat hulle R5 miljoen in die buiteland kan leen om hul eie paleise te kan bou!
- Inflasie gemeet volgens die vpi-x en vpi indekse bly goed op dreef. Die verwagting van die sentrale bank is egter dat die vpi-x in die loop van 2008 weer gerieflik binne die mikpunt sal wees. Die risiko's vir hierdie siening is dat voedselpryse op hoë vlakke sal bly; dat energiepryse verder sal styg; dat plaaslike belastings en ander administratiewe pryse teen meer as 6% sal styg; en dat lone en salarisse verder sal styg teen koerse van meer as 6%. Ek bly bekommerd oor die inflasievoorsigte vir die volgende aantal jare – veral indien die groei van die geldvoorraad en kredietskepping nie aansienlik verlangsaam nie.
- Nieteenstaande verwagte aanpassings in die matriekuitslae, bly ek bekommerd oor die vermoë van onderwys- en opleidinginstansies om die gevraagde hoeveelheid en kwaliteit kundige persone te lewer om die besteding in die volgende aantal jare kundig te kan hanteer. Die gebrek aan opgeleide persone bly een van die ernstigste knelpunte in die plaaslike ekonomie en kan 'n plafon op die groeikoers plaas.
- Korttermynrentekoerse sal volgens my siening in 2008 sywaarts beweeg met die risiko dat hulle wel verder kan styg.
- Langtermynrentekoerse sal beïnvloed word deur korttermynrentekoerse se beweging, die beweging van die rand en die invloed van buitelandse kapitaal. Die finansiering van die openbare sektor se beoogde R500 miljard besteding in die volgende vyf jaar, sal ook opwaartse druk op hierdie koerse plaas.
- Die rand vertoon steeds sterk teenoor die algemene swak dollar en word ondersteun deur die invloed van buitelandse kapitaal. Die groot en toenemende tekort op die lopenderekening van die betalingsbalans moet egter met verloop van tyd sy tol op die rand eis en 'n algemene verswakking van die geldeenheid meebring.

## **Beleggingsomgewing**

Beleggings sal deur die volgende faktore beïnvloed word:

- Verwagte verdere daling in VSA korttermynrentekoerse. VK korttermynrentekoerse kan ook in die eerste kwartaal verder daal, maar Euroland en Japanse korttermynrentekoerse bly waarskynlik stabiel in die eerste helfte van die jaar.
- Dit sal die dollar onder verdere druk teenoor ander geldeenhede soos die euro plaas.



- Die skommelings in drahandel (carry trade) sal die jen onstabiel laat vertoon.
- Verwagte swakker groei in die groot nywerheidslande sal aandeelbeurse minder goed laat vertoon indien dit tot swakker verdienstes lei.
- VSA uitvoermaatskappye word bevoordeel deur die swakker dollar en kan goeie winste in 2008 toon.
- Langtermynrentekoerse kan verder daal indien daar 'n soeke na veilige belggings in 'n onsekere finansiële wêreld is. Die huidige vlak van hierdie koerse teenoor korttermynrentekoerse en gegewe die verwagte styging van inflasie, is egter reeds baie laag en verdere dalings kan beperk wees.
- Die aanduidings is dat China verdere internasionale beleggings in 2008 sal doen. (Ons het nog twee banke om te verkoop.)
- Plaaslik word die ekonomie gestimuleer deur die besteding van die openbare sektor en word voortgesette sterk groei verwag.
- Korttermynrentekoerse kan stabiel tot hoër neig in 2008.
- Langtermynrentekoerse kan verder styg weens inflasie wat op hoë vlakke bly en die toenemende vraag na finansiering vir die openbare sektor se bestedingsprogramme.
- Die rand is steeds sterk teenoor die algemeen swakker dollar, maar kan in die langtermyn verswak weens die stygende tekort op die lopenderekening van die betalingsbalans en enige plaaslike politieke onsekerhede.
- Die plaaslike aandelebeurs sal baat by die openbare sektor se bestedingsprogramme, maar sommige sektore sal wel geknel word deur die stygende rentekoerse en die impak wat die kredietwet op besteding sal hê.

Ulrich Joubert  
8 Desember 2007